- “(6) The provisions of section 12(6)[, (7)] and (8) of the Magistrates’ Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), are applicable with the necessary changes required by the context.”.

#### Amendment of section 4 of Act 40 of 2002

32. Section 4 of the Institution of Legal Proceedings against certain Organs of State Act, 2002, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:

- “(a) a national or provincial department mentioned in the first column of Schedule 1, 2 or 3 to the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), to the officer who is the incumbent of the post bearing the designation mentioned in the second column of the said Schedule 1, 2 or 3 opposite the name of the relevant national or provincial department: Provided that in the case of the Department of Police, the notice must be sent to the National Commissioner and the Provincial Commissioner of the province in which the cause of action arose, as defined in section 1 of the South African Police Service Act, 1995;”.

#### Amendment of section 5 of Act 40 of 2002, as amended by section 53 of Act 11 of 2013

33. Section 5 of the Institution of Legal Proceedings against certain Organs of State Act, 2002, is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:
- “(1) (a) Any process by which any legal proceedings contemplated in section 3(1) are instituted must be served in **[the manner prescribed by the rules of the court in question for the service of process]** accordance with the provisions of section 2 of the State Liability Act, 1957 (Act No. 20 of 1957).
- (b) Despite paragraph (a), any process by which any legal proceedings contemplated in section 3(1) are instituted and in which the—
- (i) Minister of State Security is the defendant or respondent, **[may]** must be served on the Director-General: State Security Agency, at the head office of the department;
- (ii) Minister **[for Safety and Security]** of Police is the defendant or respondent, **[may]** must be served on—
- (aa) the National Commissioner **[of the South African Police Service]** as defined in section 1 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995), at the head office of the department; [or] and
- (bb) the Provincial Commissioner **[of the South African Police Service]** as defined in section 1 of the South African Police Service Act, 1995, of the province in which the cause of action arose;
- (iii) Minister of Correctional Services is the defendant or respondent, **[may]** must be served on—
- (aa) the Commissioner of Correctional Services as defined in section 1 of the Correctional Services Act, 1998 (Act No. 111 of 1998), at the head office of the department; [or] and
- (bb) the Provincial Commissioner of Correctional Services as defined in section 1 of the Correctional Services Act, 1998 (Act No. 111 of 1998), of the province in which the cause of action arose.

- (b) **bazise uMqondisi-Jikelele ngokushesha lapho kunejaji, imantshi okanye imantshi yokwengeza esiphothule uqeqesho oluchazwe kwisigaba 31(4) no (5) noma eqokwe kulandalelwa isigatshana (1)].”;**
- (e) deur subartikel (4) te skrap; en 5
- (f) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:  
 “(6) izihlinzeko zesigaba se-(12)(6)[, (7)] kanye nesesi-(8) se-*Magistrate’ Courts Act, 1944(Act No. 32 of 1944)*, noshintsho oludingekayo ngenxa yesimo zifanelekile.”

**Wysiging van artikel 4 van Wet 40 van 2002** 10

32. Artikel 4 van die Wet op die Instel van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane, 2002, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

- “(a) ’n nasionale of provinsiale departement vermeld in die eerste kolom van Bylae 1, 2 of 3 by die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), is, aan die beampte wat die pos beklee wat aangedui word met die naam vermeld in die tweede kolom van gemelde Bylae 1, 2 of 3 teenoor die naam van die betrokke nasionale of provinsiale departement: Met dien verstande dat in die geval van die Departement van Polisie, die kennisgewing aan die Nasionale Kommissaris en die Provinsiale Kommissaris van die provinsie waar die skuldoorsaak ontstaan het, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995, gestuur moet word;” 15 20

**Wysiging van artikel 5 van Wet 40 van 2002, soos gewysig deur artikel 53 van Wet 11 van 2013**

33. Artikel 5 van die Wet op die Instel van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane, 2002, word hierby gewysig— 25

- (a) deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:
- “(1) (a) Enige prosesstuk waardeur ’n regsgeding in artikel 3(1) beoog, ingestel word, **[word beteken op die wyse deur die reëls van die betrokke hof vir die betekening van prosesstukke voorgeskryf] moet beteken word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2 van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wet No. 20 van 1957).** 30
- (b) Ondanks paragraaf (a) **[kan] moet** enige prosesstuk waardeur ’n regsgeding in subartikel 3(1) beoog, ingestel word en waarin die—
- (i) Minister van Staatsveiligheid die verweerder of respondent is, beteken word aan die Direkteur-generaal: Staatsveiligheidsagentskap, by die hoofkantoor van die departement; 35
- (ii) Minister **[vir Veiligheid en Sekuriteit] van Polisie** die verweerder of respondent is, beteken word aan—
- (aa) die Nasionale Kommissaris **[van die Suid Afrikaanse Polisie]** soos in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995 (Wet No. 68 van 1995), omskryf, by die hoofkantoor van die departement; **[of] en** 40
- (bb) die Provinsiale Kommissaris **[van die Suid-Afrikaanse Polisie]** soos in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995, omskryf, van die provinsie waarin die skuldoorsaak ontstaan het; of 45
- (iii) Minister van Korrektiewe Dienste die verweerder of respondent is, beteken word aan—
- (aa) die Kommissaris van Korrektiewe Dienste soos in artikel 1 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1998 (Wet No. 111 van 1998), omskryf, by die hoofkantoor van die departement; **[of] en** 50
- (bb) die Provinsiale Kommissaris van Korrektiewe Dienste soos in artikel 1 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1998, omskryf, van die provinsie waarin die skuldoorsaak ontstaan het. 55

- (2) No process referred to in subsection (1) may be served as contemplated in that subsection before the expiry of a period of **[30] 60** days after the notice, where applicable, has been served on the organ of state in terms of section 3(2)(a): Provided that if the organ of state repudiates in writing liability for the debt before the expiry of the said period, the creditor may at any time after such repudiation serve the process on the organ of state concerned.”<sup>5</sup>; and
- (b) by the addition after subsection (3) of the following subsection:  
“(4) Any process by which legal proceedings contemplated in section 3(1) are instituted must be issued by the court in whose area of jurisdiction the cause of action arose, unless the organ of state in writing consents to the institution of legal proceedings in a different jurisdiction.”<sup>10</sup>

**Amendment of section 141 of Act 38 of 2005, as inserted by section 5 of Act 41 of 2007** <sup>15</sup>

**34.** Section 141 of the Children’s Act, 2005, is hereby amended by the deletion in subsection (1) of paragraph (c).

**Amendment of section 1 of Act 32 of 2007, as amended by section 48 of Act 7 of 2013 and section 1 of Act 5 of 2015**

**35.** Section 1 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, is hereby amended by the insertion before the definition of “sexual penetration” of the following definition: <sup>20</sup>

- “**‘sexual offences court’** means a court that has a court roll that deals exclusively with the bail application, plea proceedings, trial or sentencing of a person in criminal proceedings arising out of— <sup>25</sup>
- (a) an alleged commission of a sexual offence in terms of the common law, any offence in terms of the Sexual Offences Act, 1957 (Act No. 23 of 1957), or any offence in terms of this Act;
- (b) any offence in terms of any other law which has a bearing on sexual offences contemplated in paragraph (a), or which involves the complainant against whom a sexual offence contemplated in paragraph (a) is alleged to have been committed; or <sup>30</sup>
- (c) any offence in terms of any other law which the Director of Public Prosecutions having jurisdiction, or a prosecutor authorised thereto in writing by him or her, deems expedient or necessary for the administration of justice in a particular case, to be disposed of together with an offence contemplated in paragraph (a), <sup>35</sup>
- and which has facilities, measures, services and requirements as prescribed by the Minister by regulation in terms of section 55A(6) of the Act;”.

**Amendment of section 40 of Act 32 of 2007** <sup>40</sup>

**36.** Section 40 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, is hereby amended by insertion after the definition of “relevant authority” of the following definition:

- “**‘sexual offence against a child’** includes any contravention of section 24B(1) or (3) of the Films and Publications Act, 1996 (Act No. 65 of 1996);” <sup>45</sup>

**Amendment of section 50 of Act 32 of 2007, as substituted by section 37 of Act 66 of 2008**

**37.** Section 50 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (5) for paragraph (a) of the following paragraph: <sup>50</sup>
- “(a) The National Commissioner of Correctional Services must, in the prescribed manner and at least three months before the establishment of the Register referred to in section 42, forward to the Registrar the particulars referred to in section 49 of every prisoner or former prisoner <sup>55</sup>

- (2) Geen prosesstuk in subartikel (1) bedoel, mag beteken word soos in daardie subartikel beoog nie voor die verstryking van 'n tydperk van [30] 60 dae nadat die kennisgewing, waar van toepassing, ingevolge artikel 3(2)(a) aan die staatsorgaan beteken is: Met dien verstande dat indien die staatsorgaan voor die verstryking van die genoemde tydperk skriftelik aanspreeklikheid vir die skuld ontken, die krediteur te eniger tyd na sodanige ontkenning die prosesstuk op die betrokke staatsorgaan kan beteken.”; en
- (b) deur die volgende subartikel na subartikel (3) by te voeg:
- “(4) Enige prosesstuk waarby regsverrigtinge in artikel 3(1) beoog, ingestel word, moet uitgereik word deur die hof in wie se regsgebied die skuldoorsaak ontstaan het, tensy die staatsorgaan skriftelik instem tot die instelling van regsverrigtinge in 'n ander regsgebied.”.

**Wysiging van artikel 141 van Wet 38 van 2005, soos ingevoeg deur artikel 5 van Wet 41 van 2007** 15

34. Artikel 141 van die “Children’s Act”, 2005, word hierby gewysig deur paragraaf (c) in subartikel (1) te skrap.

**Wysiging van artikel 1 van Wet 32 van 2007, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 5 van 2015**

35. Artikel 1 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, word hierby gewysig deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “hierdie Wet” in te voeg:

- “**‘hof vir seksuele misdrywe’** 'n hof met 'n hofrol wat uitsluitlik die borgeansoek, pleitverrigtinge, verhoor of vonnis hanteer van 'n persoon in strafregtelike verrigtinge na aanleiding van—
- (a) 'n beweerde pleging van 'n seksuele misdryf ingevolge die gemenerereg, enige misdryf ingevolge die Wet op Seksuele Misdrywe, 1957 (Wet No. 23 van 1957), of enige misdryf ingevolge hierdie Wet;
- (b) enige misdryf ingevolge enige ander wetsbepaling wat verband hou met seksuele misdrywe soos in paragraaf (a) beoog, of wat betrekking het op die klaer teen wie 'n seksuele misdryf beoog in paragraaf (a), na bewering gepleeg is; of
- (c) enige misdryf ingevolge enige ander wetsbepaling wat die Direkteur vir Openbare Vervolgings met jurisdiksie of 'n aanklaer wat skriftelik deur hom of haar daartoe gemagtig is, gepas of nodig ag vir die regspleging in 'n sekere saak, om saam met 'n misdryf beoog in paragraaf (a), oor beskik te word, en wat fasiliteite, maatreëls, dienste en vereistes het soos deur die Minister by regulasie ingevolge artikel 55A(6) van die Wet voorgeskryf;”.

**Wysiging van artikel 40 van Wet 32 van 2007**

36. Artikel 40 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, word hierby gewysig deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “seksuele misdryf” in te voeg:

“**‘seksuele misdryf teen 'n kind’** ook enige oortreding van artikel 24B(1) of (3) van die Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet No. 65 van 1996);”.

**Wysiging van artikel 50 van Wet 32 van 2007, soos vervang deur artikel 37 van Wet 66 van 2008** 45

37. Artikel 50 van die Wysigingswet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, word hierby gewysig—

- (a) deur paragraaf (a) in subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(a) Die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste moet op die voorgeskryfde wyse en ten minste drie maande voor die instelling van die Register bedoel in artikel 42, die besonderhede van elke gevangene

- which he or she has on record, who, at the commencement of this Chapter, is serving a sentence of imprisonment or who has served a sentence of imprisonment as the result of a conviction for a sexual offence, five years preceding the commencement of this Chapter, against a child, including an offence referred to in section 14 of the Sexual Offences Act, 1957 (Act No. 23 of 1957), and must, where possible, forward the available particulars of every prisoner or former prisoner which he or she has on record, who at the commencement of this Chapter, is serving a sentence of imprisonment or has served a sentence of imprisonment as a result of a conviction, five years preceding the commencement of this Chapter, for a sexual offence against a person who is mentally disabled, including an offence referred to in section 15 of the Sexual Offences Act, 1957, and the Registrar must forthwith enter those particulars in the Register.”;
- (b) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:
- “(6) The National Commissioner of the South African Police Service must, in the prescribed manner and at least three months before the establishment of the Register referred to in section 42, forward to the Registrar all the available particulars in his or her possession referred to in section 49 of every person, who, at the commencement of this Chapter, has a previous conviction for a sexual offence, five years preceding the commencement of this Chapter, against a child, including, as far as is possible, an offence referred to in section 14 of the Sexual Offences Act, 1957, and who has a previous conviction for a sexual offence against a person who is mentally disabled, including, as far as is possible, an offence referred to in section 15 of the Sexual Offences Act, 1957, and the Registrar must forthwith enter those particulars in the Register.”; and
- (c) by the substitution in subsection (7) for paragraph (a) of the following paragraph:
- “(a) The Director-General: Health must, in the prescribed manner and at least three months before the establishment of the Register referred to in section 42, forward to the Registrar the particulars referred to in section 49 of every person, who, at the commencement of this Chapter or in the period of five years preceding the commencement of this Chapter, is or was subject to a direction in terms of section 77 (6) or 78 (6) of the Criminal Procedure Act, 1977, as the result of an act which constituted a sexual offence against a child or a person who is mentally disabled and the Registrar must forthwith enter those particulars in the Register.”.

**Amendment of section 55A of Act 32 of 2007, as inserted by section 2 of Act 43 of 2013**

38. Section 55A of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

“(1) Subject to subsection (2), the Minister may by notice in the *Gazette* designate any—

(a) Division of the High Court of South Africa or the main seat or any local seat of a Division referred to in section 6 of the Superior Courts Act, 2013 (Act No. 10 of 2013); or

(b) Magistrate’s Court, as defined in section 1 of the Superior Courts Act, 2013 [(Act No. 10 of 2013)],

[as] at which a sexual offences court [exclusively for the purposes of the trial of any person or other proceedings arising out of—

(a) an alleged commission of a sexual offence in terms of the common law, any offence in terms of the Sexual Offences Act, 1957 (Act No. 23 of 1957), or any offence in terms of this Act; or

of voormalige gevangene in artikel 49 bedoel wat hy of sy op rekord het en wat by die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk 'n vonnis van gevangenisstraf uitdien of uitgedien het as gevolg van 'n skuldigbevinding vyf jaar voor die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk aan 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind, met inbegrip van 'n misdryf bedoel in artikel 14 van die Wet op Seksuele Misdrywe, 1957 (Wet No. 23 van 1957), aan die Registrateur stuur, en moet, waar moontlik, die beskikbare besonderhede van elke gevangene of voormalige gevangene wat hy of sy op rekord het en wat by die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk 'n vonnis van gevangenisstraf uitdien of uitgedien het as gevolg van 'n skuldigbevinding vyf jaar voor die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk aan 'n seksuele misdryf teenoor 'n persoon wat verstandelik gestremd is, met inbegrip van 'n misdryf in artikel 15 van die Wet op Seksuele Misdrywe, 1957, bedoel, aan die Registrateur stuur, en die Registrateur moet sodanige besonderhede onverwyld in die Register opneem.”;

(b) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

“(6) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie diens moet op die voorgeskrewe wyse en ten minste drie maande voor die instelling van die Register bedoel in artikel 42, alle beskikbare besonderhede bedoel in artikel 49 wat hy of sy op rekord het van elke persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk 'n vorige veroordeling, vyf jaar voor die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk, vir 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind het, met inbegrip van, in die mate wat dit moontlik is, 'n veroordeling vir 'n misdryf bedoel in artikel 14 van die Wet op Seksuele Misdrywe, 1957, en wat 'n vorige veroordeling vir 'n seksuele misdryf teenoor 'n persoon wat verstandelik gestremd is, het, met inbegrip van, in die mate wat dit moontlik is, 'n misdryf in artikel 15 van die Wet op Seksuele Misdrywe, 1957, bedoel, aan die Registrateur stuur, en die Registrateur moet sodanige besonderhede onverwyld in die Register opneem.”; en

(c) deur paragraaf (a) in subartikel (7) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) Die Direkteur-generaal: Gesondheid moet op die voorgeskrewe wyse en ten minste drie maande voor die instelling van die Register bedoel in artikel 42, die besonderhede in artikel 49 bedoel van elke persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk of in die tydperk van vyf jaar voor die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk, onderhewig is of was aan 'n lasgewing ingevolge artikel 77(6) of 78(6) van die Strafproseswet, 1977, as gevolg van 'n handeling wat 'n seksuele misdryf teenoor 'n kind of 'n persoon wat verstandelik gestremd is, uitgemaak het, aan die Registrateur stuur, en die Registrateur moet sodanige besonderhede onverwyld in die Register opneem.”.

#### Wysiging van artikel 55A van Wet 32 van 2007, soos ingevoeg deur artikel 2 van Wet 43 van 2013

38. Artikel 55A van die Wysigingswet op die Strafreë (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, word hierby gewysig—

(a) deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

“(1) Behoudens subartikel (2), kan die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*[,] enige—

(a) afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of die hoofsetel of enige plaaslike setel van 'n afdeling in artikel 6 van die Wet op Hoër Howe, 2013 (Wet No. 10 van 2013), bedoel; of

(b) landdroshof, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Hoër Howe, 2013 [(Wet No. 10 van 2013)],

[as] aanwys waar 'n hof vir seksuele misdrywe [aanwys uitsluitlik, vir die doeleindes van die verhoor van enige persoon of ander verrigtinge na aanleiding van—

[(a) 'n beweerde pleging van 'n seksuele misdryf ingevolge die gemenerereg, enige misdryf ingevolge die Wet op Seksuele Misdrywe, 1957 (Wet No. 23 van 1957), of enige misdryf ingevolge hierdie Wet; of

- (b) any act or omission which constitutes an offence in terms of any other law which has a bearing on sexual offences, as the Director of Public Prosecutions having jurisdiction may, in writing, authorise] must be established.
- (2) The Minister must exercise the power provided for in subsection (1)—
- (a) in consultation with the Chief Justice, [the head of the court in question as defined in section 1 of the Superior Courts Act, 2013, and, in the case of a Magistrate’s Court, the Judge President who, in terms of section 8(4)(c) of the Superior Courts Act, 2013, is responsible for the coordination of judicial functions of the Magistrate’s Courts falling within his or her area of jurisdiction] who must consult—
- (i) if a Division of the High Court of South Africa or the main seat or any local seat thereof, is to be designated, the Judge President of the Division; or
- (ii) if a court for a regional division, referred to in section 2(g) of the Magistrates’ Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), is to be designated, the Judge President and the magistrate at the head of a regional division; or
- (iii) if a court for a district, referred to in section 2(f) of the Magistrates’ Courts Act, 1944, is to be designated, the Judge President and the head of the administrative region contemplated in the Magistrates’ Courts Act, 1944; and
- (b) after consultation with the National Director of Public Prosecutions.”;
- (b) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:
- “(5) This section does not preclude any court referred to in subsection (1)(a) or (b) from dealing with the matters referred to in that subsection if it has not been [designated] established as a sexual offences court.”;
- and
- (c) by the addition of the following subsections:
- “(6) The facilities, measures, services and requirements as prescribed by the Minister by regulation made in terms of section 67 in respect of sexual offences cases and the courts established as sexual offences courts in terms of subsection (1), must be in place and complied with, within the periods as may be prescribed by the Minister.
- (7) Upon establishing a court as a sexual offences court in terms of subsection (1), the following persons must ensure that sexual offences cases in that court receive priority and must, for this purpose, issue directives to the judicial officers of that court:
- (a) In the case of a Division of the High Court of South Africa or the main seat or any local seat thereof, the Judge President of the Division;
- (b) in the case of a court for a regional division, the magistrate at the head of a regional division referred to in subsection (2)(a)(ii); or
- (c) in the case of a court for a district, the head of the administrative region referred to in subsection (2)(a)(iii).
- (8) The directives referred to in subsection (7) may only be issued—
- (a) after consultation with the National Director of Public Prosecutions; and
- (b) with the approval of the Chief Justice.
- (9) The Chief Justice must monitor the application of the directives issued in terms of subsection (8).”.

**Amendment of section 13 of Act 7 of 2013**

55

39. Section 13 of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013, is hereby amended—

- (a) by the insertion of “(1)” before the words preceding paragraph (a);

- (b) enige handeling of versuim wat 'n misdryf daarstel ingevolge enige ander wet wat op seksuele misdrywe betrekking het, soos skriftelik gemagtig deur die Direkteur van Openbare Vervolgings met jurisdiksie] ingestel moet word.
- (2) Die Minister moet die bevoegdheid waarvoor in subartikel (1) voorsiening gemaak word, uitoefen—
- (a) in oorleg met die Hoofregter, [die hoof van die betrokke hof soos in artikel 1 van die Wet op Hoër Howe, 2013, omskryf, en, in die geval van 'n landdroshof, die Regterpresident wat, ingevolge artikel 8(4)(c) van die Wet op Hoër Howe, 2013, verantwoordelik is vir die koördinasie van regterlike werksaamhede van die landdroshowe wat in sy of haar jurisdiksiegebied is] wat oorleg moet pleeg—
- (i) indien 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of die hoofsetel of enige plaaslike setel daarvan, aangewys moet word, met die Regter-president van die afdeling; of
- (ii) indien 'n hof vir 'n streekafdeling, bedoel in artikel 2(g) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), aangewys moet word, met die Regter-president en die landdros aan die hoof van 'n streekafdeling; of
- (iii) indien 'n hof vir 'n distrik, bedoel in artikel 2(f) van die Wet op Landdroshowe, 1944, aangewys moet word, met die Regter-president en die hoof van die administratiewe streek in die Wet op Landdroshowe, 1944, beoog; en
- (b) na oorleg met die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings;”;
- (b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(5) Hierdie artikel belet geen hof in subartikel (1)(a) of (b) bedoel daarvan om die aangeleenthede in subartikel (1) bedoel te hanteer indien daardie hof nie as 'n hof vir seksuele misdrywe [aangewys] ingestel is nie.”; en
- (c) deur die volgende subartikels by te voeg:
- “(6) Die fasiliteite, maatreëls, dienste en vereistes soos deur die Minister by regulasie ingevolge artikel 67 voorgeskryf ten opsigte van sake van seksuele misdrywe en die houe ingevolge subartikel (1) as houe vir seksuele misdrywe ingestel, moet in plek wees en nagekom word binne die tydperke deur die Minister voorgeskryf.
- (7) By die instel van 'n hof as 'n hof vir seksuele misdrywe ingevolge subartikel (1), moet die volgende persone verseker dat seksuele misdrywe in daardie hof voorkeur geniet en moet, vir hierdie doel, voorskrifte aan die regterlike beamptes van daardie hof uitreik:
- (a) In die geval van 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of die hoofsetel of enige plaaslike setel daarvan, die Regter-president van die afdeling;
- (b) in die geval van 'n hof vir 'n streekafdeling, die landdros aan die hoof van 'n streekafdeling bedoel in subartikel (2)(a)(ii); of
- (c) in die geval van 'n hof vir 'n distrik, die hoof van die administratiewe streek bedoel in subartikel (2)(a)(iii).
- (8) Die voorskrifte in subartikel (7) bedoel kan slegs uitgereik word—
- (a) na oorleg met die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings; en
- (b) met die goedkeuring van die Hoofregter.
- (9) Die Hoofregter moet die toepassing van die voorskrifte ingevolge subartikel (8) uitgereik, monitor.”.

**Wysiging van artikel 13 van Wet 7 van 2013**

55

39. Artikel 13 van die Siswati-teks van die “Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act”, 2013, word hierby gewysig—

- (a) deur “(1)” voor die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan in te voeg;



- (b) by the insertion of the following paragraph after paragraph (c):  
 “(cA) section 6 is liable to imprisonment for a period not exceeding 15 years without the option of a fine.”;
- (c) by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:  
 “(d) section [6 or] 8(1) is liable to a fine or imprisonment for a period not exceeding 10 years or both; and”;
- (d) by the addition of the following subsection:  
 “(2) A court that has convicted a person of an offence referred to in section 4, 5, 7 or 8(1) or any involvement in these offences as provided for in section 10, where the offence was committed for purposes of sexual exploitation, must, subject to section 50(2)(c) of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act No. 32 of 2007), order in the presence of that person that his or her particulars be included in the National Register for Sex Offenders, established in terms of section 42 of that Act, whereafter the provisions of Chapter 6 of that Act apply with the necessary changes required by the context.”.

#### Amendment of section 44 of Act 10 of 2013

40. Section 44 of the Superior Courts Act, 2013, is hereby amended—
- (a) by the substitution for the heading of the following heading:  
 “**Electronic transmission of summonses, writs and other process [and of notice of issue thereof]**”;
- (b) by the substitution in subsection (1) for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs, respectively:  
 “(a) In any civil proceedings [**before a Superior Court**], any summons, writ, warrant, rule, order, notice, document or other process of a Superior Court, or any other communication which by any law, rule or agreement of parties is required or directed to be served or executed upon any person, or left at the house or place of abode or business of any person, in order that such person may be affected thereby, may be transmitted by [**fax**] facsimile, or by means of any other electronic medium [**as provided by the rules**], to the person who must serve or execute such process or communication.  
 (b) The document received or printed as a result of the transmission contemplated in paragraph (a) is of the same force and effect as [**if the original had been shown to or a copy thereof served or executed upon the person concerned, or left as aforesaid, as the case may be**] the original thereof.”; and
- (c) by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph (a) of the following words:  
 “A notice [**sent by fax**] transmitted by facsimile, or any other electronic medium [**authorised by the rules**] as contemplated in subsection (1)—”.

#### Amendment of section 6 of Act 39 of 2014

41. Section 6 of the Legal Aid South Africa Act, 2014, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the following paragraph:  
 “(b) Eight members who, as a whole, have the skills referred to in section [7(d)] 7(2)(e).”.

- (b) deur die volgende paragraaf na paragraaf (c) in te voeg:  
 “(cA) sigaba se-6 sigunyata kubopha sikhatsi lesingadluli iminyaka le-15 ngaphandle kweligunya lekukhetsa kuhlawula;”;
- (c) deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:  
 “(d) sigaba [6 noma] 8(1) ungahlawuliswa noma uboshwe sikhatsi lesingadluli iminyaka le-10 noma kokubili; noma”; en 5
- (d) deur die volgende subartikel by te voeg:  
 “(2) Inkantolo lelahle umuntfu ngelicala ngekuhlukubeta lekukhulunywe ngako kusigaba 4,5,6 nobe 8(1) nobe lokunye nje kubandzakanyeka kulokuhlukubeta lokunjena njengoba kuniketwe esigabeni se-10, lapho lokuhlukunyetwa kwentiwe ngetinhloso tekusebentisa ngekwemacansi, kufanele, ngekuya ngesigaba 50(2)(c) se-Criminal Law (kuHlukunyetwa ngeteMacansi kanye netiNkinga letiBandzakanyekako) Amendment Act, 2007 (Act No. 32 of 2007), ikhokhe umyalelo ebukhoni baloyo muntfu, losho kutsi imininingwane yakhe kufanele ifakwe ku-Rejista yaVelonkhe yalabahlukubeta ngekwemacansi, lemiswe ngekwemibandzela yesigaba sema-42 saloMtsetfo, lapho-ke lokushiwo kuSahluko se-6 saloyo Mtsetfo kusebenta ngelushintjo lolufanele naloludzingekile kumongo.”. 10 15

#### Wysiging van artikel 44 van Wet 10 van 2013 20

40. Artikel 44 van die Wet op Hoër Howe, 2013, word hierby gewysig—
- (a) deur die opskrif deur die volgende opskrif te vervang:  
 “[Oorsending] **Elektroniese oorsending van dagvaardings, bevelskrifte en ander prosesstukke [en van kennisgewing van uitreiking daarvan]**”; 25
- (b) deur paragrawe (a) en (b) in subartikel (1) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:  
 “(a) In ’n siviele geding [voor ’n Hoër Hof] kan ’n dagvaarding, bevelskrif, lasbrief, reël, bevel, kennisgewing, dokument of ander prosesstuk van ’n Hoër Hof of enige ander mededeling wat volgens wet, reël of ooreenkoms van partye vereis word of gelas is om op iemand te beteken of teen hom of haar ten uitvoer gelê of by die huis of woon- of besigheidsplek van iemand gelaat moet word, sodat so iemand daardeur geraak kan word, per faks of by wyse van enige ander elektroniese medium [soos deur die reëls bepaal], aan die persoon wat sodanige prosesstuk of kommunikasie moet beteken of uitvoer, versend. 30  
 (b) Die dokument wat as gevolg van die versending in paragraaf (a) beoog ontvang of gedruk is, het dieselfde krag en uitwerking [asof die oorspronklike soos voormeld aan so iemand betoon of ’n afskrif daarvan op hom of haar beteken of teen hom of haar ten uitvoer gelê of by hom gelaat is, na gelang van die geval] as die oorspronklike daarvan.”; en 40
- (c) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:  
 “’n Kennisgewing wat per faks of enige ander [deur die reëls gemagtigde] elektroniese medium, soos in subartikel (1) beoog, versend is—”. 45

#### Wysiging van artikel 6 van Wet 39 van 2014

41. Artikel 6 van die Sesotho-tekse van die “Legal Aid South Africa Act”, 2014, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:  
 “(b) Ditho tse robedi tsenang le bokgoni bo hlalositsweng karolong [7(d)] 7(2)(e).” 50

**Substitution of section 9 of Act 39 of 2014**

**42.** The following section is hereby substituted for section 9 of the Legal Aid South Africa Act, 2014:

**“Term of appointment**

**9.** The chairperson, the deputy chairperson and a director referred to in section 6(1)(a)[,] and (b) [and (d)] and any alternate member appointed in terms of section 6(2) holds office for a term of not less than three years and not more than five years, as determined by the Minister, in writing, at the time of his or her appointment and may be reappointed for one additional term only.”

5  
10**Short title and commencement**

**43.** (1) This Act is called the Judicial Matters Amendment Act, 2017.

(2) Sections 19, 20, 21, 24, 35 and 38 come into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

**Vervanging van artikel 9 van Wet 39 van 2014**

42. Artikel 9 van die Sesotho-tekst van die "Legal Aid South Africa Act", 2014, word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Nako ya ho thongwa**

9. Modulasetulo, Motlatsi wa modulasetulo le molaodi ya hlahositsweng 5  
karolong 6(1)(a)[,] le (b) [le (d)] ha mmoho le setho se seng le se seng se  
thontsweng ho latela karolo 6(2) ba sebetsa sehla se le seng ka tlasa dilemo  
tse tharo mme se sa fete dilemo tse hlano, jwalo ka ha Letona le ka hlwaya  
ka ho ngola, ka nako ya ho thongwa ha hae mme a ka thongwa hape 10  
bakeng sa keketseho ya sehla se le seng."

**Kort titel en inwerkingtreding**

43. (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 2017.  
(2) Artikels 19, 20, 21, 24, 35 en 38 tree in werking op 'n datum deur die President by  
proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.





